NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 39

3 November 2022

## Wees gereed!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***...ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers.*** **(2 Petrus 3: 13, AFR1983)**

Die vraag op baie se lippe is: Wat hou die toekoms vir ons in?

Die tweede Petrusbrief is 'n pastorale brief waarin Petrus sy kommer verwoord oor die gemeente wat nie toekomsgerig is of gereed is vir die koms van die Here nie. Petrus herinner die gemeente daaraan dat niemand weet wanneer die Here se koms is nie, maar dat 'n mens steeds voorbereid moet wees daarop.

Die lesers van die teks was waarskynlik tweede- of derdegeslag Christene. Die vorige geslag Christene het geleef toe Jesus nog op aarde was en het geglo dat Christus in hul leeftyd sou terugkeer. Die mense het trouens ongeduldig begin raak. Petrus wou die mense bemoedig sodat hulle nie skepties moes raak oor die belofte van Christus se koms nie. Christene moes onthou dat die Here 'n eie tyd het. Daar was heel waarskynlik diegene wat swak in die geloof was, wat begin luister het na die spotters, wat gemeen het Christus is dood, en gaan nooit terugkeer nie.

Ek kan assosieer met die gemeente vir wie Petrus skryf. Ons daaglikse realiteite veroorsaak dat ons maklik fokus verloor en begin afdwaal van die regte pad. Om daagliks brood en melk op die tafel te sit, word soms ons hooffokus, en dan bly daar, as ons gelukkig is, 'n bietjie tyd vir jou gesin oor. Dit is dus nie moeilik om ongeduldig te raak met Christus wat nog nie teruggekom het nie. Ons het egter 'n God van genade wat in ons skoene kom loop het en met ons harte werk. God wil ons leer dat die ongeduldige maklik hoop verloor vir die toekoms, teenoor die geduldiges wat eerder groei in hul geloof. Ons moet hoop op die nuwe hemel en aarde waarin geregtigheid sal leef.

Petrus verwys in sy brief na die onderrig van Christus self, toe Hy die gelykenis vertel het van die vyf dwase en vyf verstandige meisies. Hiermee wil Petrus beklemtoon: Wees gereed, want daar is groot dinge wat kom. Hoop op God, sodat jy lewe sonder vrees vir die toekoms.

**Ds Anel Boshoff, Beroepafwagtend**

(Hierdie teks van ds Anel Boshoff verskyn ook in die NHKA se *Bybelse Dagboek* van 2022)

## Lief en leed



Miané Lynadi van Wyk

- Dr Wouter van Wyk, sekretaris: Kommissie van die AKV, en sy vrou, Susan, het ’n nuwe kleindogter ryker geword – hul vierde kleinkind. **Miané Lynadi van Wyk**, die eersteling van Abrie en Jessica van Wyk, is Donderdagmiddag 27 Oktober gebore. Baie geluk!



Ds Kobus Pienaar en Monique Clark

- Baie geluk aan **ds Kobus Pienaar** van Gemeente Kruin wat pas verloof geraak het aan Monique Clark.

- Baie sterkte aan **mev Arina Jooste** van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO), wat Donderdag 3 November ’n rugoperasie ondergaan. Sy sal weer 3 Januarie op haar pos wees, voordat sy aan die einde van Februarie aftree.

- Volgens mediaberigte is die persoon wat verantwoordelik was vir die dood van **dr JA (Hannes) Beukes en sy vrou, Ibel,** in Maart 2020, pas in die rondgaande hof in Delmas tot 25 jaar tronkstraf gevonnis. Ons bid dat die egpaar se kinders en ander familie nou berusting sal vind.

- **Die volgende predikante verjaar tot 11 November, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 3 November: Ds HA (Hennie) Retief (71) (emeritus)
  - Vrydag 4 November: Di HN (Hennie) Botha (83) (emeritus) en G (Gerhard) Viviers (42) (Wolmaransstad)
  - Sondag 6 November: Ds WL (Wikus) van der Merwe (69) (emeritus)
  - Maandag 7 November: Ds SA (Fanie) Beukes (43) (Laeveld)
  - Woensdag 9 November: Ds PJ (Hannes) Wolmarans (53) (Secunda)
  - Vrydag 11 November: Ds AH (Adriaan) Roets (63) (Swartkop)

## Gemeentes en bediening



Dr Deon du Toit

- **Dr DJ (Deon) du Toit** (beroepafwagtend) het ’n beroep ontvang na Pierneef (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar.



Ds Monja-Lize van Belkum

- **Ds M (Monja-Lize) van Belkum** (beroepafwagtend) het ’n beroep ontvang na Seestergemeente Brackenhurst.



Ds Charel van der Berg

- **Ds CJ (Charel) van der Berg** (emeritus) het ’n beroep ontvang na Pietermaritzburg (deeltyds).



Dr Antionette Janse van Rensburg

- **Dr A (Antionette) Janse van Rensburg** (Montana-benoeming/Kapelaan) is beroep na Montana (deeltyds) en word in Februarie 2023 bevestig.

- **Gemeente Swartkop: 1972-2022**
  **50 jaar van genade, seën en die Goeie Nuus**
  **Saterdag 5 November:**
  Van 12:00 tot 17:00
  Bring-en-braai
  Hope kindervermaak
  Moonshine Country Blues Band
  Heerlike bykosse
  Beperkte braaipakke te koop
  **Sondag 6 November:**
  Gedenkerediens en spesiale doopgeleentheid 08:30
  Groeteboodskappe
  Verversings in die binnehof
  Sluit gerus by ons aan vir ’n naweek van feesvier en dankbaarheid
  Bevestig teenwoordigheid by Frits Zanoli 082 866 4009 / **fritsz@icloud.com**



- **Gemeente Delareyville: 1922-2022**
  **100 jaar van genade**
  **Saterdag 12 November:**
  Boeresport 15:00; dans en spitbraai 18:00; kamp by die kerk
  **Sondag 13 November:**
  Erediens en Nagmaal 11:00; klipstapeling 12:30; vingerete 13:00
  **RSVP by:**
  Kerkkantoor 053 948 1992 / Ds Willem Dreyer 082 466 5516 / NHSV 072 153 7444



## Vergaderings

- Saterdag 5 November: NHSV Dagbestuur
- Maandag 7 November: Direksie van Plesion
- Dinsdag 8 November: Bestuurskomitee
  TOIBO Uitvoerende Komitee
- Donderdag 10 November: Pensioenvergaderings

## Bybelgenootskap

- **Pos beskikbaar vir Uitvoerende Hoof by die BSA se Hoofkantoor in Bellville.** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) vertaal en versprei Bybels in Suid-Afrika sedert 1820 en is ’n lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, ’n netwerk van 148 Bybelgenootskappe wat in meer as 200 lande werksaam is.

  Die BSA nooi passievolle en toepaslik gekwalifiseerde kandidate om aansoek te doen vir hierdie strategiese posisie om verantwoordelikheid vir die organisasie se hoof- uitvoerende funksie te neem. Die posbekleër sal leierskap, strategiese leiding, bestuurspraktyk en algehele koördinering van alle operasionele aktiwiteite verseker. Die Uitvoerende Hoof sal in die Raad van Direkteure en alle relevante Streekkomitees dien.

  **Pligte sluit onder andere in:** Strategiese en visioenêre leierskap en bestuur van die BSA; implementering en uitvoering van beleid en strategie; bereiking van nasionale en internasionale doelwitte ten opsigte van fondsinsameling, Bybelvertaling, -produksie en -verspreiding in alle tale en formate; korporatiewe en risikobestuur; finansiële bestuur; menslikekapitaalbestuur; eksterne skakeling; openbare betrekkinge; operasionele bestuur; en algemene administrasie.

  **Vereistes:** Bestuurs- en leierskapervaring op senior vlak; ondervinding binne die breër ekumeniese omgewing en status as geordende predikant sal as aanbeveling dien; moet ’n lid van ’n BSA-lidkerk wees; teologiese en missiologiese begrip van Bybelmissie; praktiese kennis en begrip van korporatiewe of sakeondernemings (toepaslike bestuurskwalifikasie sal voordelig wees); goeie kennis van toepaslike wetgewing en korporatiewe bestuursbeginsels; praktiese kennis of ervaring van finansiële administrasie, bemarking en ’n besigheidsomgewing; kennis/ervaring van Bybelgenootskapwerk (nasionaal en internasionaal); bewese skakel- en onderhandelingsvaardighede; goed ontwikkelde mondelinge en geskrewe kommunikasievaardighede; ervare in openbare optredes; en hoogste vlak van etiek, integriteit en professionaliteit.

  **Om aansoek te doen:** Registreer CV by:
  **https://www.dittojobs.com/jobs/view/2884536969**

## Toerusting

- Lees ***hier*** Deel 1 en ***hier*** Deel 2 van prof Johann Beukes se tweedelige verkenning van die Suid-Afrikaanse filosoof Martin (Marthinus) Versfeld (1909-1995) se interpretasie (aangedui as ideëhistories in oriëntasie) en toepassing (getipeer as modernkrities) van spesifiek Middeleeuse filosofie gedurende sy ononderbroke loopbaan as dosent en professor in

filosofie aan die Universiteit van Kaapstad (UK) van 1937 tot 1972. Prof Beukes, voormalige predikant van die NHKA, is tans verbonde aan die Departement Filosofie en die Klassieke van die Universiteit van die Vrystaat.

## Studentesake

- **NHKA Stellenbosch aanvangskamp:** Gemeente Stellenbosch nooi al die Hervormers wat in 2023 aan Stellenbosch Unversiteit gaan studeer na ons aanvangskamp **Sondag 29 Januarie tot Woensdagoggend 1 Februarie 2023**. Ons vertrek Sondag 14:00 van die kerkgebou af na die kampterrein ongeveer 10 km buite Stellenbosch. Vir meer besonderhede, kontak gerus vir dr Chris le Roux (079 495 3239 / **cleroux@mweb.co.za**) of Elizabeth Rossouw (+264 81 833 7022 – dit is ’n Namibiese nommer, maar sal werk vir WhatsApp). Gee asseblief hierdie inligting vir elkeen wat jy ken wat hier gaan kom studeer. Ons wil veral graag al die nuwe studente by die kamp leer ken, en julle sal dit baie geniet.

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## ’n Gedig

**Heelalsboodskap**

Die heelal het vandag vir my ’n boodskap gestuur
ek het vroegoggend sit en luister na die wind
die son sien opkom en later het sy ook weer gesak
ek het lank geluister
na alles wat om en in my fluister
die stemme in my kop was stil
jy was ook nie hier nie
maar voëltjies het uitgelate gesing
die dag het geboorte geskenk
aan ure wat weg kon vlieg
en ek kon hoor hoe my hart weer klop.

**Caren Kearley**
(LitNet, 27 Oktober 2022)

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- Na twee jaar se agter-’n-masker-leef en -werk, vier ons nou ook die wonder van gesondheid en lewe, die genade van nog ’n jaar van sorg en seën, en die vooruitsig om saam met ons gemeentes ons Here Jesus se geboorte te kan vier.

Graag wil ons as **NHSV Hoofbestuur** elke NHSV tak bedank vir u volgehoue positiewe gesindhede, die opofferings wat in hierdie tyd gemaak is, asook die uitreik na persone in nood. Dit is met trots dat ons gedurende die afgelope jaar kon verneem van elke tak wat steeds 'n seën was in hul gemeentes en gemeenskappe.

Omsendbrief 3/2022 is elektronies versend na al die voorsitters van NHSV takke landwyd en bevat inligting oor die NHSV streekbyeenkomste van 2022, die 49ste Nasionale Kongres van 2023, die indien van Takjaarverslae, NHSV Studieleningsfondsaansoeke en inligting benodig rakende die besture/kernkomitees van NHSV takke. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/omsendskrywes/**.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend

afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

O God, luister na my gebed,
verberg U nie vir my smeekbede nie.
Luister tog aandagtig na my
en antwoord my.
Klaend dwaal ek rond;
ek is verward...
Vrees en bewing oorweldig my,
'n rilling trek deur my liggaam.
Ek, ek roep tot God,
en die Here sal my verlos.
In die aand, in die oggend
en in die middag
het ek gekla en gesteun;
maar Hy het my stem gehoor.
Werp jou las op die Here;
Hy sal jou versorg,
Hy sal nooit toelaat
dat die regverdige wankel nie.

**Psalm 55: 2-3, 6, 17-18, 23**
**(AFR2020)**




Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk